Violetta

Ria Smuts

Die dorp se mense het al die jare oor juffrou Adler en meneer Steyn geskinder. Ek hoor die eerste keer daarvan toe ek in graad vier is. Lang pouse eet ons ons toebroodjies onder die bloekomboom langs die netbalbaan. “Ek ken tog 'n geheim!” spog Sannie Booysen.

“Vertel vir ons ook, toe tog,” soebat Hester, my beste maat.

“Wat betaal jy?” Sannie se geheime kos altyd iets. Hester kyk rond vir ondersteuning, maar ons ander het reeds al ons kos opgeëet.

“Die helfte van my dadeltoebroodjie. My ma het self die brood gebak. En dis vars dadels!” Sannie pers haar lippe op mekaar en skud haar kop.

Hester wik en weeg, maar sy brand om te weet. “Orraait, die hele.”

Ons skuif die kring toe rondom Sannie en wag dat sy moet vertel. Sy vat eers 'n groot hap en kou lank daaraan. Toe trek sy haar rug regop en kondig aan: “Juffrou Adler en meneer Steyn vry!”

“Haai nee!” Anneke se pa is die dominee en alle geheime skok haar altyd. “Hoe weet jy?”

“Ina het self gesien. By die skool.”

“Wat het hulle gemaak?”

“Gevry, ek sê mos, hulle het gevry.” Sannie is 'n jaar ouer as ons en haar suster Ina is in graad nege, so sy weet van die dinge. Ek durf nie my onkunde voor haar bely nie.

Toe ons voor die klaskamer in 'n ry staan, vra ek vir Hester oor my skouer wat is vry. Ons mag nie praat nie, so ek maak of ek my oor krap.

“Hande vashou,” fluister sy in my nek.

Ek hoor sommer sy weet ook nie regtig nie. Sy het net 'n jonger boetie.

By die huis kyk ek in 'n woordeboek. Dis 'n oue; my pa het die nuwe kantoor toe geneem.

Vry, lees ek, is *flirt, court. Flirt* ken ek. Dit is sommer net ogies maak soos die meisies maak met die nuwe seun in graad sewe, die een met die groen kleurbaadjie van Wonderboom-Suid. By *court* staan: to *engage in social activities leading to engagement and mating.* Ek weet goed wat *engagement* beteken en ek is ook seker dat meneer Steyn nie meer kan *engaged* raak nie, want hy is getroud. *Mating* is eintlik die probleem, want die woordeboek se *mate* is *equal, match.* En daarna gee hy net *maté* wat 'n Suid-Amerikaanse drank is. En nie

een van die dinge is tog iets waaroor Sannie se suster sou omgee nie.

My ma is in haar slaapkamer besig om 'n rok se soom in te sit.

"Wat beteken *mating?"* vra ek sommer so om die deur.

Sy kyk na my met 'n mond vol spelde. Een vir een haal sy hulle uit.

“Dis paar, soos voëls en diere maak. En dan kry die wyfie kleintjies. Hoekom vra jy?”

“Aag, sommer in 'n boek gesien.” Ek weet dadelik dis 'n gesprek wat kortgeknip moet word.

In die kombuis is Trooi besig om te stryk. Ek en sy praat altyd kopstukke. “Vry, wat is dit?”

Trooi glimlag breed. “Dis baie lekker. Jy is nog te klein daarvoor.”

“Maar wat doen jy as jy vry?”

Trooi kyk skalks na my. “Lekker druk, lekker vat, lekker soen! En jy kan verder ook gaan as jy lus het.”

My ma verskyn in die kombuisdeur en stuur my om melk te gaan koop. Meer gaan ek nie nou wys word nie.

Die Sondagmiddag kom die Van Zyls kuier. My pa en die oom praat oor die spanning in die gemeente. Dis 'n ou gesels. Ek sit die teegoed reg in die eetkamer en hoor wat hulle sê.

“Net oor die dominees se vrouens nie met mekaar kan klaarkom nie moet ons nou skielik afstig,” sê die oom ergerlik. “En dit na al die jare se droogte. Ons gaan net nog 'n hulpbehoewende gemeente wees.”

“Party mense het behoefte daaraan om hulself te verewig,” sê my pa. “Soos deur 'n hoeksteen te lê by 'n nuwe kerk.”

Die vrouens kry nie eintlik 'n geselsbeurt nie, maar toe ek die skinkbord met tee indra, kyk die oom op en verloor sy draad en die tante vat die gaping: “En is dit nie skokkend nie, die ding van Violetta Adler en Alf Steyn? Liewe hygend, vlak voor haar huis onder die boom ...” “pragtige boom. Sit sommer op die tafeltjie neer, my kind,” praat my ma bo-oor tant San se skinder, “en dan gaan haal jy vir my die koekmes in die kombuis.” Ek draal met die mes en luister om die draai, maar my ma hou net by bladwisselende bome.

Daardie aand vra ek my ma wat juffrou Adler dan doen waaroor die mense so praat.

“Waarskynlik doen sy niks nie. Dis 'n klein dorpie, my kind. Juffrou Adler laat nie toe dat mense in haar privaatlewe inkyk nie. Dit is waarom hulle haar nie met rus kan laat nie.”

Ek is nie veel wyser nie, maar ek weet nou: my ma glo nie die stories nie.

Juffrou Adler woon naby ons. Sy is mooi en gaaf. Haar oë is baie blou en vriendelik en sy het spierwit tande met so 'n klein goue driehoekie in die een voortand. Saterdagoggende het ek by haar klavierles. Dis vir my lekker, want sy laat my regte musiek ook speel - nie net die ou paar simpel stukke wat 'n mens elke jaar moet leer vir die musiekeksamen nie. Dit is lekker om langs haar te sit, want sy ruik na viooltjies. Haar musiekkamer het geel gordyne en op die vloer lê 'n Oosterse mat. In die vensterbank is daar 'n blou glasvaas en bokant die klavier 'n afdruk van twee meisies by 'n klavier. Die een het 'n wit rok met 'n blou gordel aan en dra 'n blou strik in haar hare; die ander een het 'n rooi rok aan met 'n wit kragie.

“Dis van die Franse skilder Renoir,” sê sy toe ek vra. “Hy was baie lief vir kleur en lig.” Juffrou Adler raas nie as ek met my voorvinger oor my middelvinger klim nie, en as my pols hang, lig sy dit met haar voorvinger en raps my nie met die potlood oor my hand soos ou mevrou De Villiers gemaak het nie. “Jy wil mos oor die klawers dartel, nie aan die klavier hang nie!” sê sy altyd.

Juffrou Adler gee Afrikaans en Duits. Haar pa was 'n sendeling uit Berlyn wat met 'n Afrikaanse meisie getrou het. Hoewel sy net soos ons klink as sy Afrikaans praat, het sy so 'n sagte bry as sy Duits praat. Haar huis lyk van buite net soos al die huise in die straat: rooi dak en wit mure, met 'n tuinpaadjie wat na die voordeur lei en blombeddings weerskante. Sy plant ook leeubekkies en ridderspore en pronk-ertjies en margrietjies. En teen haar stoepmuur rank daar ook 'n bloureën. Maar wanneer Kersfees naderkom, hang sy 'n krans van dennetakke en bolletjies met 'n rooi lint teen haar voordeur en op haar klavier staan daar 'n kaart met sulke venstertjies wat jy versigtig moet oopmaak, een elke dag, om die dae af te tel. Aan die sitkamerlig hang sy engeltjies op.

Sy kuier nie dikwels by ander mense nie. Sy woon nie bidure en Pinksterdienste by nie, maar elke Sondagoggend gaan sy kerk toe en sy bak Apfelstrudel vir die stoepverkopings van die vroueverenigingIn haar boekrak is baie boeke en jy kan haar slaapkamerlig saans laat nog sien brand. Meneer Steyn se kar staan soms voor haar deur.

Op 'n aand is my pa besig om die grasperk nat te spuit. Ek gooi my ma se rooi japonika met 'n gieter nat. Sy het hom uit die Kaap

saamgebring, maar hy sukkel maar hier in die warm wêreld. Die buurman praat van oorkant die draad: “Ek sê, meneer Viljoen, kyk weer daar anderkant: die blink Alfa van die blink vryersklong”.

“Juffrou Adler en meneer Steyn is kollegas, hulle moet soms skoolsake bespreek,” sê my pa formeel.

Buurman pers sy lippe so styf op mekaar dat sy ken vol duike word. Hy snork. “Soms, ja.”

Toe ek hoërskool toe is, weet ek goed waaroor die mense skinder. Meneer Steyn is 'n getroude man met drie kinders en juffrou Adler is 'n mooi, blonde, ongetroude vrou en hulle is onderwysers by dieselfde skool. En ek weet wat beteken *vry.* Maar al wat ek ooit sien, is dat hulle met mekaar praat en baie lag.

Alfred Steyn gee Engels vir die graad elfs en twaalfs. In ons dorp praat mense nie baie Engels nie en die kinders sukkel maar daarmee. Meneer Steyn is vreeslik entoesiasties oor Shakespeare en lees graag stukke voor, veral uit *Antony and C1eopatra* wat hy sê die mooiste drama oor die liefde is. Hy organiseer die debat en gee 'n baie goeie skoolkoerant uit, maar hy rig nie rugby af nie. Die mense sê ook hy is polities links. Dis sy vrou wat koers hou, sê hulle. Dis net sy wat sterk staan. Die arme Gertruida, sê hulle.

Moet hare op haar tande hê om haar kop te kan hooghou met die skandalige ding van Alf en Violetta. 'n Dapper mens.

Op 'n dag sien ek die eerste keer die Steyns se huis van binne toe my ma my stuur om 'n brief daar te gaan afgee wat per abuis by ons afgelewer is. Die gordyne is toegetrek en ek klop lank voordat meneer Steyn oopmaak. Hy vra verskoning omdat hy so lank gevat het om oop te maak: “My studeerkamer is heeltemal aan die agterkant van die huis. Eintlik kom ek nogal selde in die kamer.”

Ons gaan sit in die skemer sitkamer. Bokant die rusbank hang daar drie porseleineende.

Die kleintjie het agter geraak by die ander twee; 'n mens kry hom so half jammer. Die bank is donkerbruin. Teen die rugleuning staan twee los kussings met groot katte daarop uitgewerk: die een 'n gele; die ander 'n swarte. Die katte se hare is van kort, los woldraadjies en hul oë is glasknope aan draadlussies. Die geel kat se oë is te na aan mekaar vasgewerk en hy kyk skeel, want die een oog hang laer as die ander. Sy voorpoot is ook 'n bietjie verkeerd.

Meneer Steyn sien ek kyk na die kussings en sê in 'n neutrale stem: “My vrou het hulle self gemaak.”

'n Oomblik lank sien ek geel gordyne, blou glas en viooltjies.

In my graad nege-jaar gee juffrou Adler vir ons Afrikaans. Ons hou baie van haar, net: sy is pynlik presies. Wanneer ons opstelle skryf, moet ons 'n vaste patroon volg: “Die opskrif kom in die middel. Dan laat jy 'n reël oop en trek 'n netjiese streep. En as jou opstel klaar is, laat jy 'n reël oop en trek weer 'n netjiese streep. Met 'n liniaal. Ons is baie keer vies daaroor, want as jy die oop reël vergeet, moet jy alles oordoen, selfs al het jy al 'n hele ent geskryf.

Pouses sien ons dat sy en meneer Steyn langs mekaar sit in die personeelkamer. Hulle stoele staan apart van die ander teen die skerm wat die teemaakhoekie afsluit. Ons hou hulle partykeer lank dop deur die venster, maar hulle kyk heeltyd net na mekaar en gesels en lag.

Een pouse span die seuns rooi papierlinte tussen die rooi Alfa en juffrou Adler se klein wit Volkswagentjie. Toe die skool uitkom, staan ons almal rond en kyk wat hulle gaan doen. Meneer Steyn stap nader, maak die linte los van die deurhandvatsels, rol dit op en steek dit in sy broeksak.

“Hou maar liewer alles binne-in jou broek” skree Bok Brandt, en sy maats lag luidrugtig.

Ek weet nie of die twee onderwysers hom gehoor het nie. Alf Steyn

se gesig is rooi. Juffrou Adler klim in haar karretjie, knik vriendelik vir hom en ry weg.

Die Steyns se huis is nie ver van die skool af nie, naby die seunskoshuis. Na die kort vakansie bring een van die seuns 'n opname van die liedjie *"Hear my song, Violetta"* van die huis af. Die Saterdag kry hulle 'n enorme luidspreker in die hande, rig dit op die Steyns se huis en draai die volume voluit oop. Toe die koshuisvader vasstel waar die kabaal vandaan kom, het hulle dit al nege keer gespeel. Op die skoolterrein loop party van die seuns ook die liedjie en fluit, veral wanneer Alf Steyn binne hoorafstand is. Daaraan kan die leerlingraadslede niks doen nie.

Vrydag die laaste periode het die hele skool musiekwaardering. Partykeer sien ons films van operas of musiekkonserte. Gewoonlik luister ons net na musiek. Dan vertel die musiekonderwyser ons iets meer daarvan. Die seuns is maar lastig, so daar is altyd 'n hele klompie onderwysers wat toesig hou in die saal. Ons sit plat op die vloer, maar hulle sit op stoele teen die muur af, by die deure en agter in die saal. Juffrou Adler sit altyd regs voor in die saal, net onder die verhoog.

Ons vorige musiekonderwyser het onverwags aan die einde van die

derde kwartaal afgetree.

Drie maande lank het ons nie musiekwaardering nie, maar toe die nuwe jaar aanbreek, het ons 'n jong juffrou wat pas klaargemaak het op Stellenbosch. Die tweede Vrydag wat sy vir ons musiekwaardering gee, kondig sy aan dat sy uittreksels uit *La Traviata* gaan speel. Sy gaan egter eers kortliks die storie van die opera vertel.

“Die hoofkarakter se naam is Violetta.” Ons kyk ondeund na juffrou Adler.

“Sy is 'n *courtisane*. Weet julle dalk wat dit is?” Ons skud almal ons koppe. Nee, weet nie.

Die musiekjuffrou glimlag effens ongemaklik. “Dit is 'n vrou met 'n bietjie van 'n reputasie ... eintlik 'n vrou van losse sedes. Maar sy is nie 'n straatvrou nie, sy beweeg in die hoë kringe.”

Daar gaan 'n rimpeling deur die saal. Die kinders kyk na hul maats en dan kyk hulle wat maak die onderwysers. Die kyk strak voor hul uit. Juffrou Adler roer nie.

“Die storie begin by 'n party waar die mooie Violetta teenwoordig is,” sê die nuwe juffrou.

“Die ander belangrike gas is Alfredo, 'n man uit 'n baie goeie

familie. Hy raak sommer dadelik halsoorkop op haar verlief. Dis natuurlik nie 'n gewenste toestand nie ...”

Bok Brandt runnik skielik kliphard. 'n Oomblik is daar stilte en dan sprei 'n lagbui van die graad twaalf-seuns wat links agter in die saal sit na die meisies langs hulle, en dan spoel die laggolf van agter af deur die saal en die onderwysers kyk na mekaar en kyk af op hul skote en begin glimlag en hou hulle hande oor hulle oë en vat aan hul neuse. Meneer Nel, die wiskunde-onderwyser, skater sonder om eers sy hand voor sy gesig te hou, die sportonderwyser lag bulderend en slaan op sy bobene en ou juffrou Van Blommenstein wat naaldwerk gee, word bloedrooi en druk 'n sakdoek oor haar neus en mond. Haar swaar boesem begin ruk. Trane loop oor haar wange. Dan word die druk te groot en sy proes deur alle versperrings, laat val haar kop in haar hande en skommel soos sy lag.

“Maar dit is 'n gedoemde verhouding” sê die onthutste musiekjuffrou.

Byna net die graad agts, wat heel voor sit, lag nie, want hulle verstaan nog nie die grap nie. Juffrou Adler roer nie. Sy kyk na die musiekonderwyseres met haar groot blou oë en sy glimlag, maar so

effentjies dat ek net-net die goue driehoekie in haar voortand kan sien. En ek waag dit nie om te lag nie.

Net toe kom die hoof se stem oor die interkom en almal word stil.

En toe speel die musiekjuffrou sommer die musiek sonder om verder die storie te vertel.

Die volgende jaar is ons daar weg. My enigste kontak met die dorp oor die jare was my ou vriendin, Hester. Sy is met ‘n prokureur getroud en hulle het hul daar gevestig. ‘n Paar jaar gelede laat weet sy dat meneer Steyn weg is Namibië toe. Hy het toe nooit bevordering gekry nie, al was hy goed gekwaliflseerd en 'n knap onderwyser. “Seker maar nie die regte mense geken nie,” skryf Hester. “Die baantjies is mos maar vir die boeties,”

Verlede jaar skryf sy vir my dat juffrou Adler - al 'n ruk afgetree - ernstig siek is: “'n Bietjie ouer en baie swakker, maar nog steeds 'n mooi vrou, en haar gees is so helder soos altyd. Sy het nou 'n voltydse verpleegster en sy kan nie meer veel self doen nie, maar sy bestuur nog haar huishouding met dieselfde presiesheid wat ons geken het. Jy onthou mos: “Laat 'n reël oop en trek 'n netjiese streep.” *“And she still keeps herself to herself”*

Vanoggend kry ek 'n groot koevert in die pos. Brief van Hester. Sy

skryf: “Juffrou Adler is dood. Stilweg in haar slaap. Ben het die testament hanteer en die koevert waarin dit was vir my gegee. Snaaks hoe dit ‘n mens raak om na al die jare weer haar handskrif te sien. Daarom het ek gedink ek stuur dit vir jou. Eienaardige testament: alles aan liefdadigheid bemaak, maar met die uitdruklike stipulasie dat geen sent hier op ons dorp bestee mag word nie. Sy het selfs die presiese grens bepaal: nie binne 'n radius van vyftig kilometer, gemeet van die hoërskool af nie,”

Die koevert is effens vergeel. Verbeel ek my dat ek viooltjies ruik?

Die handskrif is onmiskenbaar hare. In blokletters staan daar:

TESTAMENT VAN VIOLETTA ADLER.

Daarna volg 'n oop spasie.

En daaronder het sy ‘n ferm, netjiese streep getrek. Met ‘n liniaal.